# NG Gemeente Montana: Kleingroepe 2026

*God se droom vir sy kerk: Behoort én Beweeg.*

**2026.03**

---

| | |
|---|---|
| | Romeine 8:15-17; Johannes 1:12; Galasiërs 4:4-7; 1 Johannes 3:1 |
| | **Ek is 'n kind van God**<br>Johannes 1:12 sê: "*Maar aan almal wat Hom aangeneem het, die wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.*"<br>Dit is seker die belangrikste ding om in hierdie lewe te weet: Dat ek 'n kind van God is! Wie jy ís, gaan ook bepaal hoe jy leef! Hoekom is dit so belangrik om jou kindskap van God te beklemtoon? Wat maak kinders so uniek anders as volwassenes, wat dan ook ons status as kinders van God beklemtoon? Wat maak dit so lewens-veranderend om te weet ek is "kind van God"?<br>Kyk maar net na sekere kenmerke van klein kindertjies: Kinders is afhanklik. Kinders kan nie op hul eie leef sonder ouers nie. Dit is ook hoe ons voor God en saam met God leef. "*Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.*" – Matt. 5:3. Kinders is nederig. Hulle het nog nie die "eie ek" wat hulle lewe oorheers nie. Hulle is nie vol van hulleself nie. So moet ons ook voor God leef. "*Hy moet meer word en ek minder.*" – Joh.3:30.<br>Kinders is gehoorsaam. Hulle het die begeerte om hulle ouers gelukkig te maak. So moet ons ook vir God leef. "*As gehoorsame kinders...*" – 1 Pet. 1:14a.<br>Kinders het 'n kort geheue. Hulle dra nie wrokke en griewe teen mekaar nie. Hulle is sterk op vergifnis. Ons moet ook as kinders van God sewentig maal sewe keer vergewe – Matt. 18:21-22.<br>Kinders besit die vermoë om hulle te verwonder. Die lewe is vir hulle wonderlik. Dit waarby geloof staan of val – dat die onmoontlike vir God moontlik is (Luk. 1:37) – is vir kinders werklikheid. Dit moet vir ons ook so wees. Die Ou Testament teoloog, Walter Brueggemann, het gesê: "As jy nog nie glo dat God die onmoontlike kan doen nie, dan glo jy nog glad nie."<br>Kinders is eerlik en eg. Hulle is net hulleself. Kinders van God kan hulle ware self by God wees!<br>Kinders vertrou hulle ouers. Hulle ouers weet alles, en hulle vertrou hulle ouers met alles. Ons weet as kinders van God dat God alles weet, en dat ons God onvoorwaardelik kan vertrou met ons lewe.<br>Ons kan inderdaad doen soos Jesus ons leer. Ons kan God Abba Vader noem. Pappa God! Jesus is die eerste wat kinders van God geleer het om so oor en met God te praat!<br>Ons kan as kinders van God weet: Ons behoort aan God! Hy is die volmaakte Vader wat ons ten alle tye liefhet. Hy aanvaar ons, maak nie saak wat ons al gedoen het nie. Hy troos ons. Hy voorsien en sorg vir ons. Hy het in Christus vir ons gewys hoe lief Hy ons het!<br>"*Ons het geleer om deur die lug te seil soos voëls, om deur die see te swem soos visse, om deur die ruimte te sweef soos komete. Nou is dit hoog tyd dat ons leer om op die aarde te loop soos kinders van God.*" – William Clan Koffie. |

- https://bybelskool.com/is-daar-n-verskil-tussen-n-christen-en-n-kind-van-god/
- http://www.bybelkennis.co.za/die-groot-geloofswoordeboek-kinders-van-god/

Dink bietjie:

- Wat kom by jou op wanneer jy die woord Vader hoor?
- Waar leef jy dalk nog soos ’n slaaf eerder as ’n kind?
- Wat steel jou gevoel van sekuriteit by God?

*Vir die groepgesprek:*

1. Wanneer voel jy die meeste veilig in jou verhouding met God?
2. Waar merk jy dat vrees soms jou geloof dryf?
3. Wat verander as jy glo jou plek by God is onomkeerbaar?
4. Hoe sou jou gebedslewe anders lyk as jy regtig seker is van jou kindskap?

*Vanuit die teksgedeeltes:*

1. Lees Romeine 8:15-17:
   - Watter woorde of frases val vir jou op?
   - Wat sê Paulus ons nie ontvang het nie?
   - Wat sê hy ons wel ontvang het?
2. Lees: Johannes 1:12:
   - Wat sê dit oor hoe ons kinders van God word?
3. Lees: Galasiërs 4:6-7
   - Hoe bevestig die Gees ons kindskap?
4. Lees: 1 Johannes 3:1:
   - Wat leer dit ons oor God se hart?

**Week se inoefening**

Nooi die groep om hierdie week:

- elke dag te begin met: ‘**Vader, ek behoort aan U.**’
- bewus te leef uit vertroue, nie selfbewys nie.

Om ’n kind van God te wees is nie net ’n geloofswaarheid nie,
maar ’n **lewensanker**.
Ons **behoort** aan ’n liefdevolle Vader – en daarom **beweeg** ons deur die lewe met sekuriteit en hoop.